| 5.14.1 | nie van hierdie voorstel gehou nie | 1 |
| 5.14.2 | • Plank het drank misbruik.<br>• Plank was min by die huis.<br>• Plank het op die skuite gewerk.<br>• As Plank se vrou die Kaap moes verlaat, was Bonsile alleen.<br>• Bonsile sou nie die skool kon bywoon nie.<br>• Poppie wou nie weer by die paskantoor gaan vra dat Bonsile daar bly nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.15 | • Poppie sou vir Stone kon sorg.<br>• Stone sou dalk nie op sy eie sy siekte moes hanteer nie/alleen gewees het nie.<br>• Stone sou nie na die toordokter (vir medisyne) gegaan het nie.<br>• Stone sou dalk nie gesterf het nie.<br>• Stone hoef hom nie oor Poppie-hulle te bekommer/nie na sy gesin verlang het nie.<br>• Stone sou naby sy eie familie wees.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 5.16 | As oudste seun moes Bonsile ...<br>• sy pa se plek in die huis inneem.<br>• sy ma ondersteun en help.<br>• die jonger kinders help om aan te pas.<br>• 'n voorbeeld/rolmodel vir die ander kinders wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.17 | • C<br>• haar familie agtergelaat het.<br>• C haar familie agtergelaat het.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 5.18 | Ja.<br>• Daar was vir Poppie 'n huis.<br>• Poppie se kinders kon skool toe gaan.<br>• Poppie moes nie meer vir die polisie wegkruip nie.<br>• Poppie het nie 'n pas nodig gehad nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>• Poppie moes nie haar siek man alleen gelos het nie./Stone was siek.<br>• 'n Mens kies nie jou kinders/eie gerief bo jou man nie.<br>• Poppie was baie alleen.<br>• Poppie het haar man verloor.<br>• Bonsile het moeilikheid gemaak/sy pa nodig gehad.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.19 | Stone ...<br>• het nie vir Poppie-hulle vergeet nie.<br>• was lief vir Poppie-hulle.<br>• het na hulle verlang.<br>• was 'n betrokke pa.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.20 | Toe Stone sterf, het hy basies geen besittings gehad nie/net die klere aan sy lyf/ou klere gehad. | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.21.1 | • C<br>• ontknoping<br>• C ontknoping<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 5.21.2 | • D<br>• motoriese moment<br>• D motoriese moment<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 5.21.3 | • E<br>• verwikkeling<br>• E verwikkeling<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 5.21.4 | • A<br>• hoogtepunt<br>• A hoogtepunt<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | **[35]** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1 | (Die) (Klein) Karoo | 1 |
| | | |
| 6.2 | • B<br>• eensaamheid<br>• B eensaamheid<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.3.1 | gespanne | 1 |
| | | |
| 6.3.2 | • Hendrik en Katrien slaap in aparte beddens./Willem slaap by sy ma.<br>• Die McDonalds kommunikeer swak.<br>• Emma het kortaf/kwaai met haar ma gepraat.<br>• Emma/Katrien wil ontvlug/wegkom.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 6.4 | • Katrien het gewens dat sy met die trein kon weggaan/sy was alleen.<br>• Katrien wou nie op die klein stasietjie wees nie.<br>• Die trein was vir haar die simbool van vryheid/wegkom uit haar omstandighede.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.5 | • Frans het gereeld kom vra of Katrien iets van die dorp af nodig gehad het.<br>• Frans het gereeld vir Katrien eetgoed en melk gebring.<br>• Frans was 'n suksesvolle boer.<br>• Hendrik het geweet dat daar op vorige/ander dorpe mans was wat in Katrien belanggestel het.<br>• Hendrik het geweet dat Frans op Katrien verlief was.<br>• Hendrik en Katrien se eie verhouding was baie swak.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 6.6 | • Hendrik het niks bereik nie/was sonder ambisie.<br>• Daar was min geld/hulle het gesukkel/was arm./baklei oor geld.<br>• Die motor was altyd stukkend.<br>• Die stasies waarheen hulle getrek het, was al hoe kleiner/onbelangriker.<br>• Katrien en Hendrik het swak gekommunikeer./baklei oor die kinders se opvoeding.<br>• Katrien het gevoel dat Hendrik haar nie verstaan nie.<br>• Hulle het nie mekaar se behoeftes verstaan nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



MS RR

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.7 | Emma sê sy gaan nie trou nie./Sy dink alle huwelike is ongelukkig.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.8 | • Hendrik het nie daardie tyd van die oggend 'n trein verwag nie.<br>• Dit was 'n vreemde trein (sonder lokomotief)/nie spoorwegeiendom nie.<br>• Daar was wilde diere/nie mense op hierdie trein.<br>• Hierdie trein het sy waens op die stasie afgehaak/stilgehou.<br>• Hierdie trein se koms het alles op die stasie kom verander.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.9 | • Niemand het vir Hendrik van die aankoms van die sirkustrein in kennis gestel nie.<br>• Hendrik was gefrustreerd (omdat hy nie kon uitvind wat aangaan nie).<br>• Hendrik was in beheer van die stasie en hy het nie geweet wat aangaan nie./Hy het gevoel hy word misken.<br>• Niemand wou Hendrik glo nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.10.1 | Oudokter | 1 |
| | | |
| 6.10.2 | Manuel/die nar | 1 |
| | | |
| 6.10.3 | Jan Mol | 1 |
| | | |
| 6.10.4 | (Volstruis)dans | 1 |
| | | |
| 6.11 | • Toe iemand skiet, het Hendrik niks gedoen nie/ het niks gebeur nie.<br>• Niemand het op Hendrik se dreigement reageer nie, want net daarna is 'n skoot afgetrek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.12 | • Hendrik baklei/raas nie meer nie.<br>• Waar Hendrik eers geraas het/nie sou huiwer om geweld te gebruik nie, gee hy nou die geweer terug.<br>• Waar Hendrik vroeër niks met die sirkus te doen wou hê nie, tel hy nou vir Manuel op.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.13.1 | harmonie | 1 |
| | | |
| 6.13.2 | • Die gesin praat met mekaar.<br>• Die gesin terg mekaar.<br>• Die gesin geniet musiek saam.<br>• Emma speel klavier.<br>• Katrien neurie saam met die musiek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.14 | bekommerd oor | 1 |
| | | |
| 6.15 | • Die dorpsmense het Manuel name genoem./<br>• Hulle het vir Manuel beskuldig dat hy vir Willem leer toor het/sleg van hom gepraat.<br>• Die dominee het Manuel uit die kerk laat verwyder.<br>• Die mans het vir Manuel gejaag.<br>• Die dorpsmense het na Manuel se klere (op die wasgoeddraad) geskiet./Jan Mol het vir Manuel geskiet.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| | | |
| 6.16 | • A<br>• nie sy hartseer wou wys nie.<br>• A nie sy hartseer wou wys nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 6.17 | • Willem se ouers sou hom verbied het om vir Manuel te sien.<br>• Willem se ouers sou Manuel weggejaag/verwerp het.<br>• Hulle sou Manuel veroordeel het.<br>• Die paljas sou nie werk nie/die gesin se verhoudings sou nie verbeter het nie. (*Die kandidaat mag ook voorbeelde noem.)*<br>• Willem en Manuel se vriendskap sou nie ontwikkel het nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 6.18 | Hendrik sou nou nie meer bang wees om na 'n groter stasie bevorder te word nie./Hy sou meer ambisieus wees./Hy sou hierdie stasie opknap./Hy sou sy familie se ondersteuning gehad het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.19 | Manuel is 'n omgee-mens, want ...<br>• hy het sy paljas tot voordeel van ander gebruik.<br>• hy het by die McDonaldgesin gestaan al was die gemeenskap teen hom gekant.<br>• hy het dadelik Willem se probleem raakgesien.<br>• hy het moeite met Willem gedoen.*(Die kandidaat kan ook voorbeelde noem.)*<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.20 | Ek sal vir die McDonalds sê om ...<br>• aan te hou kommunikeer.<br>• mekaar te aanvaar (net soos hulle is)/waardeer.<br>• aan te hou speel en lag.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.21.1 | • C<br>• ontknoping<br>• C ontknoping<br>*(Enige EEN)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.21.2 | • D<br>• motoriese moment<br>• D motoriese moment<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 6.21.3 | • A<br>• hoogtepunt<br>• A hoogtepunt<br><br>**OF**<br><br>• E<br>• verwikkeling<br>• E verwikkeling<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 6.21.4 | • E<br>• verwikkeling<br>• E verwikkeling<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | **[35]** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 7: *FIELA SE KIND, DIE DRAMA – Dalene Matthee*

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.1 | • C<br>• 'n somber *(gloomy)* atmosfeer te skep.<br>• C 'n somber *(gloomy)* atmosfeer te skep.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 7.2 | (Mr) Goldsbury | 1 |
| 7.3 | • Wat is jou naam?<br>• Wie is jou ma?<br>• Wie is jou pa?<br>• Waar woon jy?<br>• Hoe het jy jou ma se kind geword?<br>• Het julle geld?<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| 7.4.1 | besorgd oor | 1 |
| 7.4.2 | Barta ...<br>• was die heeltyd bang dat Elias vir Lukas sou slaan.<br>• sou eerder vir Nina laat slaan sodat Lukas kon vrykom.<br>• het Lukas teen Elias (se ongeduld) probeer beskerm.<br>• het raakgesien dat Lukas moeg/gedaan was (toe hulle van Knysna af Bos toe geloop het).<br>• het raakgesien dat Lukas te maer was/het gevra of Lukas nie te maer was nie.<br>• het gewonder hoekom Lukas nie wou praat nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 7.5 | anders | 1 |
| 7.6 | • Barta wou nie hê Lukas moes die waarheid uitvind (dat sy gejok het) nie.<br>• Barta wou nie met Lukas praat nie/het Lukas probeer vermy.<br>• Barta wou nie hê Lukas moes die Komoeties bo hulle kies/ teruggaan Lange Kloof toe nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.7 | Dit sou goed wees as Barta die waarheid vertel, want ...<br>• dan sou Benjamin/Lukas geweet het dat Nina nie sy suster is nie/hy 'n verhouding met haar kon hê.<br>• Benjamin/Lukas sou nie met homself (en sy liefde vir Nina) worstel nie.<br>• Benjamin/Lukas sou gouer kon aangaan met sy lewe.<br>• Benjamin/Lukas sou nie wonder oor sy identiteit/waar hy inpas nie.<br>• Benjamin/Lukas sou gouer kon teruggaan na Fiela-hulle toe.<br>• Benjamin sou geen verpligting teenoor die Van Rooyens gehad het nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.8 | • Die misbruik van mag kan mense se lewens ontwrig/vernietig.<br>• Mense in magsposisies moenie hulle mag misbruik nie./regverdig/objektief wees.<br>• As jy mag het, kan jy mense manipuleer/se lewens beïnvloed.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.9 | • Die sensusman/Lange het Lukas se hele lewe ontwrig.<br>• Lukas het swaargekry/is mishandel/was ongelukkig.<br>• Lukas is weggeneem van die Komoeties (vir wie hy baie lief was).<br>• Die sensusman/Lange het veroorsaak dat Lukas sy hele lewe deur gewonder het wie hy werklik was.<br>• Die sensusman/Lange het vir hom probleme geskep oor sy gevoelens vir Nina.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.10.1 | Elias | 1 |
| | | |
| 7.10.2 | blou | 1 |
| | | |
| 7.10.3 | Benjamin | 1 |
| | | |
| 7.10.4 | Wolwekraal/Fiela se plaas/Lange Kloof | 1 |
| | | |
| 7.11.1 | goed | 1 |
| | | |
| 7.11.2 | • Daar was niks negatiefs in die brief nie.<br>• Fiela het vir Benjamin goeie raad/nuus gegee./gemotiveer.<br>• Fiela het vir Benjamin hulp/ondersteuning aangebied.<br>• Fiela het vir Nina groete gestuur.<br>• Fiela het nie vertel dat Tollie in die tronk was nie.<br>• Fiela het vir Benjamin laat weet sy sal aanhou om vir hom te bid.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.12 | Fiela het ...<br>• (twee keer) Knysna toe geloop om met die magistraat te gaan praat.<br>• Bos toe geloop (om vir Benjamin sy goed te gaan gee).<br>• aangehou om te bid.<br>• aanhou boer.<br>• grond gekoop om op Benjamin se naam te sit.<br>• die skande van Tollie se tronkstraf oorkom.<br>• Selling in sy siekte ondersteun.<br>• na Dawid se dood aangegaan (met haar lewe).<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.13 | • Selling wil van Pollie en Skopper (se kuikens) vertel.<br>• Die kuikens is verkoop.<br>• Die kuikens gaan Australië toe.<br>• Selling gee raad oor hoe hulle met die volstruise op die skip moes werk.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 7.14 | (vir) Nina | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.15 | • B<br>• ernstig is om haar standpunt oor te dra.<br>• B ernstig is om haar standpunt oor te dra.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 7.16 | • Dit is 'n feit dat 'n mens moet opstaan en aangaan met die lewe.<br>• Dit help nie om te bly lê nie.<br>• Dit is goeie raad om iemand te motiveer om terugslae/probleme in die lewe te hanteer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.17 | Lukas wil met Nina gaan praat/vir Nina gaan vertel wie hy regtig is.<br>*(Voorbeelde van wat Lukas wil sê, kan genoem word.)* | 1 |
| | | |
| 7.18.1 | • C<br>• ontknoping<br>• C ontknoping<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 7.18.2 | • E<br>• verwikkeling<br>• E verwikkeling<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 7.18.3 | • A<br>• hoogtepunt<br>• A hoogtepunt<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 7.18.4 | • D<br>• motoriese moment<br>• D motoriese moment<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 7.19 | • Die Van Rooyens het Benjamin sleg behandel.<br>• Benjamin het 'n beter lewe saam met die Komoeties gehad/was gelukkiger by die Komoeties. *(Aanvaar ook voorbeelde)*<br>• Die Van Rooyens was arm./Fiela het grond besit.<br>• Elias het Lukas geslaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.20 | Ek voorspel dat Benjamin ...<br>• op sy stuk grond sal gaan boer.<br>• 'n (groot) volstruisboer sal word.<br>• met Nina sal trou.<br>• vir Fiela en Selling sal sorg.<br>• (weer) gelukkig sal wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.21 | • In sy hart was Lukas 'n Komoetie./Dit was sy identiteit.<br>• As kind was hy gelukkig by die Komoeties.<br>• As hy as 'n Komoetie bekendstaan, sou niemand dit vreemd vind as hy met Nina trou nie.<br>• Hy kies om eerder 'n Komoetie te wees, wat 'n eerbare naam is.<br>• Lukas was nooit regtig deel van die Van Rooyengesin nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING B:** | **35** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING C: KORTVERHALE

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

### 8.1 "VEGVLIEËNIER VIVIAN" – Francois Geringer

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.1 | (Kaptein) Leon Swart | 1 |
| 8.1.2 (a) | Vivian het die mans met die teorie gehelp/die navorsing gedoen met die teorie/<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.2 (b) | Die manstudente het vir Vivian gedwing/wakker gemaak om te **eet.**<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.3 (a) | fisieke opleidingsprogram | 1 |
| 8.1.3 (b) | • Dit was 'n moeilike/strawwe program.<br>• Dit het ses weke/lank geduur.<br>• Hulle het getwyfel of 'n vrou die program sou slaag.<br>• Baie mans/mense kon nie die program voltooi nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Die kandidaat kan geen punt by dié vraag verdien indien (a) verkeerd is nie.)* | 2 |
| 8.1.4 | seker | 1 |
| 8.1.5 | • Hulle het haar geïgnoreer (toe hulle in die kleedkamer 'n sirkel gevorm het om mekaar te motiveer).<br>• Sy is nie opgeneem in hulle kring/sirkel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.6 | • C<br>• so weet die leser wat sy as hoofkarakter dink en voel.<br>• C so weet die leser wat sy as hoofkarakter dink en voel.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 8.1.7 | Die mans ...<br>• het Vivian as gelyke/een van hulle aanvaar.<br>• het respek vir haar gehad.<br>• het gesien dat Vivian die kaptein se lewe gered het.<br>• het gesien dat Vivian die gevegsituasie goed/kalm/dapper hanteer het.<br>• het gesien dat Vivian ander mense se lewens bo bevele gestel het.<br>• het gesien hoe die kaptein haar salueer.<br>• het gesien hoe Sydney aan haar die erkenning vir die oorwinning gee.<br>Vivian het ...<br>• die kaptein se lewe gered.<br>• die gevegsituasie goed/kalm/dapper hanteer.<br>• ander mense se lewens bo bevele gestel.<br>• twee gevegsvliegtuie afgeskiet.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.8 (a) | John | 1 |
| | | |
| 8.1.8 (b) | duim/vinger | 1 |
| | | |
| 8.1.8 (c) | modderbad | 1 |
| | | |
| 8.1.8 (d) | eer/erkenning/respek | 1 |
| | | |
| 8.1.9 | • Hy was manmoedig/mans/groot genoeg om te erken dat sy vooroordeel verkeerd was.<br>• Hy het erken dat sy as vrou haar werk goed genoeg gedoen het.<br>• Hy het 'n goeie voorbeeld vir die ander mans gestel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.10 | • Vroue moenie moed opgee nie.<br>• Vroue moet hulle nie deur mans/ander mense laat intimideer nie.<br>• Vroue moenie vir mans terugstaan nie.<br>• Vroue kan enige beroep/tipiese mansberoep beoefen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**EN**

**"DIE BALLADE VAN ROBBIE DE WEE" – Deon Meyer**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.2.1 | • Daar was nie 'n goeie verhouding tussen Robbie en sy pa nie.<br>• Sy pa was nie 'n goeie man nie.<br>• Hy wou nie herinner word/dink aan sy pa/ aan die moord op sy pa nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.2 | • Daar was 'n dwelmskandaal rondom een van sy kunstenaars/Martyn Mouton.<br>• Die Akasia-fees was 'n groot mislukking./hy het baie geld daardeur verloor.<br>• Elf van sy kunstenaars het hulle kontrakte met hom beëindig./Hy het kunstenaars finansieel ingeloop.<br>• Hy het nie 'n eerbare naam gehad nie./Hy was ontrou aan sy vrou.<br>• Hy het hoër geleef as wat hy kon bekostig.<br>• Hy het gesukkel om sy boeke te laat klop/was op die rand van bankrotskap.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.2.3 | Ja.<br>• Robbie was nog baie jonk/nog nie mondig nie.<br>• Robbie het nog nie ervaring van sulke dinge gehad nie.<br>• Dit was 'n goeie/welwillendheidsgebaar.<br>• Dan weet sy ma wat in sy lewe aangaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>• Robbie se ma het self nie veel van sulke dinge geweet nie.<br>• Robbie was oud genoeg om sy eie besluite te neem.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.4 | • Len het Robbie by kleiner konserte (landswyd) laat optree.<br>• Len het Robbie op Facebook en Twitter aan die wêreld bekendgestel.<br>• Hy het vir Robbie 'n orkes gestig.<br>• Hy het (sy laaste) geld spandeer om Robbie se loopbaan aan die gang te kry.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| | | |
| 8.2.5 | • Robbie moes eintlik bekommerd/spyt gewees het; nie verlig nie.<br>• Die probleem met Sasha was die begin van sy einde/dood.<br>• Robbie het nie besef dit was die begin van sy probleme nie.<br>• Sasha se dood het die hele ondersoek na die verdwene meisies aan die gang gesit.<br>• Sasha se dood het uiteindelik tot Robbie se ondergang/dood gelei.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.6 | Len het ...<br>• nie rede gehad om Robbie te verdink nie.<br>• in Robbie se onskuld geglo/nie geglo Robbie kon moord pleeg nie.<br>• Robbie vertrou.<br>• vir Robbie omgegee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.7 (a) | skuldig | 1 |
| | | |
| 8.2.7 (b) | Len ...<br>• het Sasha gaan begrawe.<br>• was medepligtig (aan die moord wat Robbie gepleeg het/aan die verberging van 'n lyk).<br>• het geweet wat hy doen, was verkeerd.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Die kandidaat kan geen punt by dié vraag verdien indien (a) verkeerd is nie.)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.2.8 | • Ek sou vir hom gesê het om homself aan die polisie te gaan oorgee/te gaan vertel wat gebeur het.<br>• Ek sou vir hom die raad gegee het om weg te jaag/homself los te lieg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.9 | Robbie ...<br>• was oud genoeg om te weet dit is 'n misdaad om moord te pleeg.<br>• kon nie sy eie traumatiese kinderjare as rede gebruik om mense te vermoor nie.<br>• het moord gepleeg/het die moorde beplan./Dit was nie sy eerste moord nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.10 | • B<br>• hy dan groot finansiële voordeel uit Robbie se musiek sou trek.<br>• B hy dan groot finansiële voordeel uit Robbie se musiek sou trek.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 8.2.11 (a) | • C<br>• Len ontvang laat in die nag 'n oproep van Robbie.<br>• C Len ontvang laat in die nag 'n oproep van Robbie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 8.2.11 (b) | • A<br>• Len besef dat Robbie nie is wie hy voorgee om te wees nie.<br>• A Len besef dat Robbie nie is wie hy voorgee om te wees nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 8.2.11 (c) | • E<br>• Len word deur Robbie afgepers.<br>• E Len word deur Robbie afgepers.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 8.2.11 (d) | • B<br>• Die publiek glo dat Robbie aan depressie gely het.<br>• B Die publiek glo dat Robbie aan depressie gely het.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING C: [35]** | |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING D: GEDIGTE

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 9.1 "DIE NUWE KIND" – Pieter Strauss

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.1 | Die nuwe kind ...<br>• het (die regte) skooldrag aan.<br>• se hare is reg/volgens (skool)reëls geskeer/gesny.<br>• tree met respek teenoor sy medeleerders/onderwyser op.<br>• is gehoorsaam/"sit stil" in sy bank.<br>• "bedees"/skaam.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| 9.1.2 | uitsluit | 1 |
| 9.1.3 | Ja.<br>• Almal weet dadelik wie die nuwe kind is.<br>• Dit is die onderwyser se manier om vriendelik te wees/hom welkom te laat voel.<br>• Almal sal die nuwe kind aanvaar/respekteer.<br>• Die onderwyser het gedink die kinders sou hom aanvaar as hulle weet wie hy is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>• Die onderwyser beïnvloed die kinders se gevoel teenoor die nuwe kind.<br>• Dit sal hom isoleer.<br>• Dit vestig te veel aandag op 'n skaam kind.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.1.4 (a) | • B<br>• Dit dui aan dat die houding van die leerders teenoor die nuwe kind verduidelik gaan word.<br>• B Dit dui aan dat die houding van die leerders teenoor die nuwe kind verduidelik gaan word.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 9.1.4 (b) | • E<br>• Dit dui aan dat die onderwyser die nuwe kind bekendstel.<br>• E Dit dui aan dat die onderwyser die nuwe kind bekendstel.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 9.1.4 (c) | • D<br>• Dit beklemtoon dat die nuwe kind sonder vriende is.<br>• D Dit beklemtoon dat die nuwe kind sonder vriende is.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.4 (d) | • C<br>• Dit dui op die nuwe kind se drome vir die toekoms.<br>• C Dit dui op die nuwe kind se drome vir die toekoms.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 9.1.5 | • A<br>• die kind maklik by die ander sou kon inpas.<br>• A die kind maklik by die ander sou kon inpas.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | • | |
| 9.1.6 | • "mas"/mas<br>• "hys"/hys<br>• "(prentjie)seile"/(prentjie)seile<br>• "vaar"/vaar<br>*(Enige TWEE)* | 2 |
| 9.1.7 (a) | (die) kunsperiode | 1 |
| 9.1.7 (b) | hart | 1 |
| 9.1.8 | Ja.<br>• 'n Nuwe kind word gewoonlik deur onderwysers aan die ander kinders bekendgestel.<br>• 'n Nuwe kind word gewoonlik nie dadelik deur die ander leerders aanvaar nie/aangestaar.<br>• 'n Nuwe kind sit baie keer pouses alleen.<br>• 'n Nuwe kind gedra hulle gewoonlik op die eerste dag goed by 'n nuwe skool.<br>• skoolreëls<br>• skooldrag<br>• pouses<br>• pouses se brood<br>• kunsklas<br>• "(ons) meneer"<br>• bank<br>} Of noem tipiese skooldinge<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>**OF**<br>Nee.<br>• Dit is nie altyd onderwysers wat nuwe leerders ontvang/ bekendstel nie.<br>• Soms is daar leerders wat hulle dadelik oor nuwe leerders ontferm.<br>• Sommige nuwe leerders pas onmiddellik in.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Die kandidaat kan hier ook een JA- EN een NEE-antwoord gee.)*<br>*(Die kandidaat mag enkele woorde/verduidelikende woorde aanhaal wat na tipiese skooldinge verwys. Sommige reëlaanhalings benodig egter 'n verduideliking.)*<br>(Die kandidaat mag vanuit sy eie verwysingsraamwerk die vraag beantwoord.) | 2 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.9 | Hierdie tema is relevant, want ...<br>• dis tipies van skoolkinders om nie sommer nuwe kinders te aanvaar nie.<br>• enigiemand wat anders as die groep is, word nie sommer aanvaar nie.<br>• kultuurverskille/rasseverskille kan leerders soos buitestanders/ verstoot laat voel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**EN**

### 9.2 "TIEN HAIKOES VIR DIE VREDEFORTKOEPEL" – Hans du Plessis

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.1 | • 'n Meteoriet/"klipvuis" het daar geval/meteoriet | 1 |
| 9.2.2 | • Elke strofe/haikoe bestaan uit drie versreëls/is 'n tersine.<br>• Daar is nie 'n vaste rymskema nie/dit is rymloos/vrye vers.<br>• Daar is 17 lettergrepe in elke strofe/haikoe.<br>• Die lettergrepe in elke haikoe word soos volg ingedeel: 5-7-5<br>• Elke haikoe bestaan uit een sin/word deur emjambement in een sin gebind.<br>• Die haikoes beskryf een gebeurtenis/oomblik (in die teenwoordige tyd).<br>• Die haikoes verwys na 'n beeld wat op een of ander manier verwant is aan die natuur.<br>• In die haikoes word die oomblik, hoe klein ook al, uitgebeeld as 'n baie belangrike oomblik/gebeurtenis.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.2.3 | krag | 1 |
| 9.2.4 | • In haikoe 1 ...<br>o het die klipvuis/meteoriet/vuishou alle vorme van lewe vernietig wat toe daar was.<br>o het die klipvuis/meteoriet/vuishou die aarde "wakker" geslaan/het die klipvuis/meteoriet/vuishou die moontlikheid van nuwe lewe geskep.<br>• In haikoe 2 het die klipvuis "yskoue nagte"/duisternis veroorsaak.<br>• Dit het die aarde hervorm/permanente merk gelaat.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 9.2.5 | "yslike" kan dui op ...<br>• baie koud (die koue van die winter, m.a.w. so koud soos ys.)<br>• baie groot (die baie lang/groot winter/duisternis). | 2 |
| 9.2.6 | • B<br>• die geruis van die water kan hoor.<br>• B die geruis van die water kan hoor.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.7 | "(die) bakhand (van jou lyf)"/(die) bakhand (van jou lyf) | 1 |
| 9.2.8 | • Tydens herfs val **die blare** van die bome af ✓sodat die bome se takke **kaal** word. ✓<br>• Herfs/seisoen verander ✓ en dit word winter ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 9.2.9 | • "stof uit stof"/stof uit stof<br>• "oorheers die aarde"/oorheers die aarde<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 9.2.10 | Ja.<br>• So 'n belangrike erfenisgebied soos die Vredefortkoepel moes nie verwaarloos geword het nie.<br>• Die mens was onverantwoordelik met die bewaring van die Vredefortkoepel.<br>• Die mens moes die wêrelderfenisgebied beter bewaar/versorg het.<br>• Die mens het die natuur/diere (in die wêrelderfenisgebied) laat ly.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Die kandidaat kan oorhoofs na die vernietiging van die aarde/natuur verwys of voorbeelde noem.)*<br><br>**OF**<br><br>Nee.<br>• Die mens kan nie kwalik geneem word omdat hy nie van beter geweet het nie.<br>• Die mens was nie bewus daarvan dat die Vredefortkoepel so 'n wêrelderfenisgebied sou word nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.2.11 | Die natuur word besoedel/vernietig.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Die kandidaat kan oorhoofs na die gevolge vir die natuur verwys of voorbeelde noem.)* | 1 |
| 9.2.12 | die mens kan nie meer die skade aan die natuur herstel nie. | 1 |
| 9.2.13 | • Die spreker is nie gelukkig met wat die mens met die Vredefortkoepel/die erfenis in die naam van vooruitgang aanvang nie.<br>• Die spreker kla oor verskillende dinge (dier/duif wat sukkel om asem te haal) wat die mens doen om die natuur te vernietig.<br>• Die kritiek wat die spreker teen die mensdom lewer, is bewys daarvan (dat die spreker die natuur wil bewaar).<br>• Die spreker waarsku dat die mens rekenskap sal moet gee van sy heerskappy oor die aarde.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.14 (a) | (Vredefort)koepel/(wêreld)erfenisgebied/natuurwonder/krater | 1 |
| | | |
| 9.2.14 (b) | • vuis<br>• einde/vernietiging<br>• begin/(her)skepping<br>(Enige EEN) | 1 |
| | | **[35]** |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING D:** | **35** |
| **GROOTTOTAAL:** | **70** |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2018 -11- 23
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION